# Geestelike sleutels wat ons help om te verander

## 2. Gebed (2)






**2023-05-21**

**AGS Rayton**

**Past Gustav van Aardt**

1



# Gebed

**Deel 2**

Mat 26:41 Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.

Luk 18:1 En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie,

1Thes 5:17 Bid sonder ophou.

Mat 6:5 En wanneer jy bid

1Pe 4:7 En die einde van alle dinge is naby; wees dan ingetoë en nugter, om te kan bid.

1Th 5:25 Broeders, bid vir ons.

2

## Waar begin ons?

- God ontmoet ons daar waar ons nou is, en neem ons dan (gewoonlik stadig) na 'n dieper verhouding met Hom.

**Leer om te bid**

Luk 11:1  En toe Hy op 'n sekere plek besig was om te bid, sê een van sy dissipels vir Hom nadat Hy opgehou het: Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy dissipels geleer het.

3

## God se wil...

- Ons behoort te bid en vir God te vra wat Sy wil is.
- Wat sal vir God tevrede stel?
- Wat sal Sy Koninkryk bevorder?

- Bid dat die Heilige Gees ons duidelik wys waar ons wil nie met God se wil ooreenstem nie.
- Ons menslike begeertes kom baie keer in die pad van God se wil.

Psa 139:23  Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes;  24  en kyk of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg!

Luk 22:42  en gesê: Vader, as U tog maar hierdie beker van My wil wegneem! Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!

4

## Bly in Jesus Christus

Joh 15:7 As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.

- Bly in Christus
- Sy woorde moet ons bly.
- Die woord sal ons gedurig moet lei.
- As ons in Jesus bly, en Hy in ons sal ons weet waarvoor om te bid.
- God hoor nie al ons gebede nie, want ons bid baie keer verkeerd.... (Jak 4:3)

Rom 10:8 Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig:

5

## Wees ingestel by God

- As ons gebede nie werk nie, soek vir die blokkasie of fout:
  - Miskien bid ons verkeerd.
  - Miskien moet ons verander.
  - Miskien is daar eers nuwe gedagtes rondom gebed wat ons moet leer.
  - Miskien moet ons geduldig wees.
  - Miskien moet ons net bietjie langer aanhou bid.
- God se krag en lewe moet deur ons vloei terwyl ons vir ander bid.
- Kry eers jou eie vleeslike aktiwiteite stil, en luister na die klank van God se stem.

Luister vir die leiding van die Heilige Gees.

Gebed is ook om te luister.





6

# Medelyde

- Daar is ‘n verband tussen ons medelyde vir mense en die beantwoording van gebede.
- Barmhartigheid, Bejammer, “Compassion”, “Pity”, “Sympathy”
- Ons bid vir mense nie as “dinge” nie maar as “mense” vir wie ons lief is.
- Begeer om meer te gee as wat binne ons krag lê – dit sal jou dwing om te bid.
- Die Heilge Gees moet jou lei.

Mar 1:40 En daar kom ‘n melaatse na Hom toe wat Hom smeek en voor Hom op die knieë val en vir Hom sê: As U wil, kan U my reinig. 41 En Jesus het vir hom innig jammer gevoel en die hand uitgesteek en hom aangeraak en vir hom gesê: Ek wil, word gereinig! 42 En toe Hy dit sê, het die melaatsheid hom dadelik verlaat, en hy is gereinig.

7

# Geloof

- Moet nie bang wees om te bid nie
- Oorwin jou vrees deur geloof.
- Maak nie saak hoe klein die saak vir jou lyk nie – begin net bid.

Mat 17:19 Toe kom die dissipels na Jesus afsonderlik en sê: Waarom kon ons hom nie uitdryf nie? 20 En Jesus antwoord hulle: Deur julle ongeloof; want, voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het soos ‘n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie. 21 Maar hierdie geslag gaan nie uit behalwe deur gebed en vas nie.

Jak 1:6 Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos ‘n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word.

8

## Gebede soos 'n kind

- Hou jou gebede eenvoudig.
- Kom na Hom toe soos 'n kind – vol van geloof, afhanklikheid, vertroue en eerlikheid.
- Dink aan die verhouding tussen 'n ouer en 'n kind.
- Daaglikse brood.
- Bring jou eenvoudigste versoek na die Here – vir 'n kind is dit nooit 'n verleentheid om te vra nie.

Mat 18:3  en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie!  4  Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele.

9

## Is ons bereid om te bid?

- Bid vir jouself.
- Bid vir mekaar.
- Bid vir jou gesin, familie en hulle naby aan jou.
- Bid ons vir ons gemeente en dienste.
- Bid vir jou naaste.
- Bid teen die bose
- Verwag verandering soos jy bid.
- Hoe lyk ons gebedsspiere?
- Kom ons bid meer pro-aktief.  (Moet nie wag tot jy voel om te bid of daar 'n spesifieke versoek is nie.)

1Pe 5:8  Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind.

10

## Onthou….

- Gebed beteken nie jy vra die heeltyd iets vanaf die Here nie.
- Gebed is nie altyd 'n stryd nie.
- Onthou God kan Sy besluite verander op grond van ons gebede – Ons is medewerkers van Hom en kan tot Hom bid vir ander uitkomste.
- Moet nie vrees dat jou geloof sal verkrummel as jou gebed dalk nie verhoor word nie.
- Jy gaan dalk meer as een keer moet bid.

11

## 1 Joh 3:21-24

1Jn 3:21 Geliefdes, as ons hart ons nie veroordeel nie, dan het ons
vrymoedigheid teenoor God; 22 en wat ons ook al bid, ontvang ons
van Hom, omdat ons sy gebooie bewaar en doen wat welgevallig is
voor Hom. 23 En dit is sy gebod, dat ons in die Naam van sy Seun,
Jesus Christus, moet glo en mekaar liefhê soos Hy ons 'n gebod
gegee het. 24 En hy wat sy gebooie bewaar, bly in Hom, en Hy in
hom. En hieraan weet ons dat Hy in ons bly aan die Gees wat Hy ons
gegee het.

12